Desember 2014 No 43

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: **www.guavaproducers.co.za**

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

		Bladsy
1.	Inhoudsopgawe	1
2.	Uit die Voorsitter se pen	2 - 3
3.	Spuitstof Ontledings vir 2014	4
4.	S A Fruit Juice Industry	5 - 6
5.	Ledeheffings	6
6.	Die 2014 Koejawel-oes	7
7.	Guava Symposium	7
8.	Kersgroete	8

UIT DIE VOORSITTER SE

INLEIDING

Die jaar is al weer op sy einde en so ook die koejawelseisoen!

Die koejawelbedryf het 'n goeie jaar beleef met produsente wat groot oeste afgehaal het en ander wat weer onder gemiddeld was. Op die einde lyk dit of ons in die Wes-Kaap ± 25 000 ton sal insamel met sommige produsente wat nog laat in November vrugte lewer.

Weersomstandighede het weer 'n rol gespeel met goeie reën wat in einde Maart geval het, maar toe weer 'n warm paar weke daarna. Goeie winter reën en koue het bygedra tot 'n goeie gemiddelde oes.

VARSMARK

Die Varsmark is weereens goed voorsien van vrugte, maar daar is nog te veel swak gehalte wat aan die mark en winkels gelewer word en 'n swak naam vir vars koejawels gee. Die produsente wat voorverpakking doen en gehalte lewer verdien ook heelwat beter as net losmaat vrugte.

INMAAKMARK

Daar is 'n stadige groei in die Inmaakbedryf waaroor ons bly is. Die tydperk wat fabrieke wel inmaak is kort, daarom gaan gehalte koejawels na sap.

Die bedryf sal graag wil sien dat hierdie mark verder groei en groter voordele vir produsente en inmakers lewer wat prys en volumes aan betref. Geen klagtes oor die kleur van koejawels is vanjaar ontvang nie.

SAPMARK

Die Sapmark het vanjaar 'n groot vraag na koejawels gehad en verwerkers het alles gevat wat boere kon voorsien. Daar is n tekort aan koejawels en die swak rand speel ook lekker saam.
Ons hoop die mark hou goed vir volgende jaar. Produsente moet net daarop let om nie swak en pap vrugte te lewer aan verwerkers nie.

SEISOEN WAT VERBY IS

Ek wil weereens dankie se aan my bestuur, die verwerkers en produsente vir hul bydrae tot die koejawelbedryf.

Mag julle almal 'n baie Geseënde Kersfees hê.
Mag die Here se Vrede julle en jul gesinne toevou. Die wat bevoorreg is om te kan gaan rus……geniet dit en kom met goed gelaaide batterye terug in 2015.

Groete

Poena Malherbe
Voorsitter

SPUITSTOF ONTLEDINGS VIR 2014 SEISOEN

Die verwerkingsbedryf het weereens vir die 2014 seisoen chemiese spuitstof ontledings op vars koejawels by lewering gedoen. In die onderstaande tabel word die aantal ontledings per verwerker vir die afgelope twee seisoene gegee.

Die bedryf het 'n skoon oudit gekry en geen oorskrydings is aangeteken nie. Die bedryf het verder ook sewe monsters vir Swaarmetale by Bemlab laat toets. Ook hier was die uitslae sonder enige oorskrydings van Swaarmetale.

KOEJAWELS ONTLEED PER VERWERKER

VERWERKER	2013	2014
Langeberg & Ashton Foods	28	29
Boland Pulp	30	20
RFG Foods	15	13
Ceres Fruit Processors	9	8
TOTAAL	**82**	**70**

- Wiehahn Victor

"Every setback in life is a setup for a comeback"

TD Jakes

S A FRUIT JUICE INDUSTRY

2014 YEAR END REVIEW December 2014

The administration of S A Fruit Juice Industry (SAFJA) has run smoothly this year and this has enabled us to focus our attention more sharply on developing the regulatory environment. Final proposals for a second and comprehensive upgrade of the fruit juice regulations are now with DAFF for their consideration and will be published for comment in the new year. We also continue to work persistently with DAFF and other stakeholders in order that adequate resources are put in place to ensure compliance with current and proposed regulations. It remains imperative that labels and product content are properly inspected and analysed by the Authorities. It is only then that we will ensure an Industry which maintains world class standards and protects consumers from misrepresentation and adulteration of fruit juice product.

The fruit juice industry is well integrated with international markets through substantial export and import trade. In the light of this, it is important to position ourselves as a world class industry and SAFJA has therefore joined the International Federation of Fruit Juice Producers. The IFU deal with far ranging issues in respect of fruit juice.

The key pillars of activity for 2015 will be firstly to protect the industry and its consumers mainly through proper and enforceable legislation.
Secondly we need to promote the industry in both the domestic and export markets. We will utilize our network with the Departments of Agriculture; Trade and Industry; and Health respectively in pursuit of these objectives.
Coming together is a beginning; keeping together is progress; working together is success and this is the challenge for us and all our stakeholders in 2015.

SAFJA wishes you everything of the best for the festive season and may 2015 be a prosperous year for all.

Rudi Richards

SAFJA (www.safja.co.za)

LEDEHEFFINGS : VARS VERKOPE

Produsente wat koejawels gedurende die 2014 seisoen vars bemark/verkoop het, moet asseblief hul ledeheffings aan die Vereniging oorbetaal. Ledeheffings beloop R7-00 per ton koejawels wat vars bemark is. Gelde kan inbetaal word by :

ABSA Bank, Rekening no. 400 159 459

U ondersteuning vir u Vereniging word waardeer

DIE 2014-KOEJAWELOES

'n Goeie gemiddelde Koejaweloes is gedurende 2014 ingesamel. Koejawels het 'n vroeë oes gedurende April/Mei gelewer en toe weer 'n laat oes gedurende Julie / Augustus / September. Oor die algemeen was die gehalte goed en die kleur beslis beter as die vorige jaar.

Die varsmark het 'n geskatte 6 000 ton koejawels ontvang, terwyl verwerkers 18 518 ton verwerk het. Die oes was ± 1 200 ton groter as die vorige jaar.

GUAVA SYMPOSIUM

We take pleasure in informing you that the 4th International Symposium on Guava and Other Myrtaceae will take place from 24 – 27 May 2015, at the Casa do Sol Hotel and Spa in Hazyview, Mpumalanga, South Africa. Previous Symposia hosted in India, Mexico and Brazil provided a platform for interaction by scientists from around the world.

The theme will be : Diverse approaches to challenges facing Guava and other Myrtaceae in the global context.

Hosted by the Agricultural Research Council's Institute for Tropical and Subtropical Crops under the auspices of the International Society for Horticultural Science.

Registration is open : www.4thisgm.co.za

Die Voorsitter, Bestuurslede asook die

personeel van die

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n

Voorspoedige 2015

The Chairman, Members and staff of the

GUAVA PRODUCERS ASSOCIATION

Wish you a joyful season and a prosperous 2015